# HOOFSTUK 1

## 1. PROBLEEMSTELLING, DOEL, METODE EN PROGRAM VAN ONDERSOEK

### 1.1 Inleiding en probleemstelling

Die professionele opleiding van onderwysers behoort 'n kontinue proses te wees en wel om professionele ontwikkeling te weeg te bring. Daardeur kan die onderwyser in staat gestel word om tred te hou met die snelveranderde opvoedings- en onderwyspraktyk. Die kennisontploffing, ondersteun deur die gepaardgaande tegnologiese ontwikkeling, dwing die onderwyser onwillekeurig om tred te hou (Sergiovanni, Burlingame, Coombs & Thurston 1980:278). Dit is dus belangrik dat deurlopende indiensopleiding, waaronder onderrigontwikkeling, in die skool moet plaasvind.

Voortgesette opleiding van onderwysers het nie alleen in die hele Westerse wêreld aandag begin ontvang nie, maar word allerweë beskou as 'n integrale deel van elke onderwys- en veral indiensopleidingsprogram (Bredenkamp, 1979:1; vergelyk ook Weil, 1985:65-68). Die skoolhoof, adjunk-hoof en onderwysers behoort aktief deel te neem aan die beplanning en aanbieding van hierdie indiensopleidingsprogramme (Wood, Nicholson & Findley, 1979:95), en wel met inagneming van die ervaring, kwalifikasies en vermoëns van elk (TOD, 1978:524).

Die basiese doel van die opleiding is om verandering by die onderwyser te bewerkstellig, sodat daar meer effektief in die klaskamer opgetree kan word (Cawood & Gibbon, 1981:15). Hierdie meer effektiewe optrede in die klaskamer sou kon bydra dat die onderwyser groter sukses in die onderrig-leergebeure behaal en dan waarskynlik ook blywender werkstevredenheid ervaar.

Die "Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie" van die Transvaalse Onderwysdepartement beskryf die volgende spesifieke bestuursfunksies van die skoolhoof met betrekking tot leiding (TOD, 1986:40-43):

- Hy is professionele leier van sy skool, dra die volle verantwoordelikheid vir alle beplannings en uitvoering daarvan en bou die beleid van die skool na binne en buite uit.

- Hy is verantwoordelik vir leiding aan onderwyspersoneel met betrekking tot onderrigaangeleenthede deur middel van gereelde klasbesoeke.

- Leiding aan onderwyspersoneel met betrekking tot onderwysvernuwing en verdere studie.

- Leiding aan senior personeel met betrekking tot indiensopleiding, personeelontwikkeling, personeelevaluering en oriëntering van die beginneronderwyser.

Bogenoemde handleiding stel dit ook dat personeelontwikkeling en -leiding asook indiensopleiding van personeellede 'n integrale deel vorm van leiding wat deur die adjunk-hoof en departementshoof aan personeellede gegee behoort te word (TOD, 1986:48-49).

Benewens die feit dat die skoolhoof se verantwoordelikhede oor 'n wye terrein strek, onder andere die organisasie en administrasie van die skool, gronde en geboue, asook die akademiese vordering van die leerling, beteken 'n verantwoordelikheid vir onderrigleiding nie noodwendig dat hy dit self kan en behoort uit te voer nie. Hy bly egter

verantwoordelik vir die onderrig in die skool en kan deur middel van byvoorbeeld delegering nog steeds sy invloed op onderrigontwikkeling tot by elke leerling laat geld. Só kan hy gebruik maak van die kundigheid van adjunk-hoofde wat deel vorm van die bestuurspan van die skool.

Die probleemvrae wat uit die voorafgaande beredenering na vore kom, is die volgende:

- Wat is onderrigontwikkeling, en

- Wat is en behoort die rol van die adjunk-hoof te wees met betrekking tot onderrigontwikkeling?

## 1.2 Doel van die ondersoek

Met die probleemvrae wat gestel is in gedagte, kan 'n tweërlei doel van die studie onderskei word:

- om vas te stel wat die begrip onderrigontwikkeling insluit:

- om die rol van die adjunk-hoof by onderrigontwikkeling te bepaal.

## 1.3 Metode van ondersoek

Die volgende navorsingsmetodes sal in hierdie ondersoek gebruik word:

### 1.3.1 Literatuurstudie en teorievorming

Deur middel van 'n literatuurstudie uit sowel primêre as sekondêre bronne, sal onderrigontwikkeling verantwoord word. Hierbenewens sal daar ook aandag gegee word aan

literatuur wat handel oor deurlopende indiensopleiding van personeel, menseverhoudings en leierskap.

### 1.3.2 Empiriese ondersoek

'n Empiriese ondersoek word aan die hand van 'n gestruktureerde vraelys by tien blanke sekondêre skole in die Vaaldriehoek onderneem (vergelyk 3.4.5) om die siening van onderwyspersoneel in die Vaaldriehoek ten opsigte van die rol van die adjunk-hoof by onderrigontwikkeling te bepaal. Die resultate van die empiriese ondersoek word dan met die resultate van die literatuurstudie vergelyk.

## 1.4 Program van ondersoek

In hoofstuk 2 word 'n literatuurstudie onderneem waarin die begrippe onderrig en onderrigontwikkeling omskryf en die rol wat die adjunk-hoof in onderrigontwikkeling aanneem, ondersoek word.

In hoofstuk 3 word die navorsingsontwerp uiteengesit. Die doel, uiteensetting en prosedure vir die voltooiing van die vraelys, asook die voorstelling en analise van die data word bespreek. Daarna word die resultate van die ondersoek gerapporteer, bespreek en geïnterpreteer.

Hoofstuk 4 bevat gevolgtrekkings en aanbevelings na aanleiding van die ondersoek. Veralgemenings word gemaak nadat die resultate van die empiriese ondersoek met die gevolgtrekkings van die literatuurstudie en teorievorming vergelyk is. Aanbevelings word gedoen en toepassingsmoontlikhede uitgewys. Ten slotte word die beperkinge van die ondersoek, asook verdere terreine vir navorsing uitgewys.

## 1.5 Vooruitskouing

In die lig van die voorafgaande sal die begrip onderrigontwikkeling in Hoofstuk 2 verduidelik word. Daar sal ook ondersoek ingestel word na die rol van die adjunkhoof by onderrigontwikkeling, en of die adjunk-hoof in die bestuurspan onderrigontwikkeling behoort te doen en hoe dit gedoen moet word. Die verantwoordelike persoon in onderrigontwikkeling se interpersoonlike verhouding tot kollegas en sy leierskapstyl sal ondersoek word. Daar sal ook klem gelê word op deurlopende indiensopleiding van personeel, veral in soverre dit onderrigontwikkeling betref.

Aandag sal ook geskenk word aan leiding aan onderwysers in onderrigontwikkeling, dit wil sê, die aanbieding van hulp of advies aan onderwysers in die onderrigsituasie.